

Sing vooraf: Psalm 104:17, 18, 20 (p. 511); Psalm 51:5 (p. 261)

- 17 Wat leef in water en op land, / verwag hul spyse uit u hand.
Ontsluit U dit, hul word verkwik; / hou U dit toe, hul word verskrik;
- 18 neem U hul asem weg, hul keer / tot stof en as, en is nie meer.
Maar as u Gees weer oor hul sweef, / dan leef hul, en die aard' herleef.
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!

Psalm 51:5 (p. 261)

- 5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregthede, / herskep my hart wat wegding uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, / en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 3 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Gebed

Psalm 139:3 (p. 674)

- 3 Die kennis is te hoog vir my, / te wonderbaar – wie haal daarby?
Waar sou ek heengaan voor u Gees, / of vlug, om van U weg te wees?
'k Kan nêrens my aan U onttrek nie, / want niks kan my voor U bedek nie.

Skriflesing: Johannes 16

Teks: Johannes 16:12-14; Kategismus Sondag 20

**Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie.
Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die
hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat
Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy
sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan
julle verkondig. (Johannes 16:12-14 AFR53)**

Een van die kentekens van valse geloof is dat dit nie die volle waarheid begryp nie. By valse gelowiges kom altyd verdraaiings van sekere Bybelse waarhede voor, of sekere Bybel-gedeeltes word doodgewoon verwerp.

- Die effek van so 'n kruppel geloof is dat so 'n persoon tevergeefs in die verlossing van die Here Jesus glo, want valse geloof staan op een lyn met ongeloof.
- Die hartseer is dat so 'n persoon tragies verlore gaan.

Daar is ook nog meer soorte ongeloof.

- Een is byvoorbeeld wanneer mense net glo wanneer daar wonders gebeur.
- 'n Ander voorbeeld is wanneer iemand net vir 'n tyd lank glo, en sy geloof dan weer wegsyfer soos water in die sand.
- Dooie geloof is ook wanneer iemand die geloofsfeite ken, maar dit is vir hom dood en betekenisloos. Dit is 'n teken daarvan dat sy geloof ook dood is en dat God die Heilige Gees nie in hom woon nie.

Kom ons gee in hierdie preek aandag aan veral twee dinge wat ons van die Heilige Gees glo:

1. Die Heilige Gees is ons Leermeester

2. Die Heilige Gees is God Almagtig

1. Die Heilige Gees is ons Leermeester

God se Woord leer ons dat die Here Jesus vir ons gesterf en opgestaan het, en dat Hy vir ons die ewige lewe verwerf het. Die Here Jesus leer ons in die Woord dat Hy belof het dat Hy die Heilige Gees na sy hemelvaart na ons toe sou stuur om ons te troos.

- Die Trooster was aan die kom vir die kerk. Die Here Jesus Christus noem Hom ook die Gees van die waarheid.
- Die Heilige Gees is toe kort daarna oor die kerk uitgestort, en is vandag nog saam met ons en by ons.
- Hy sal ook tot in ewigheid by ons bly.

Nou is die vraag: Ken ek/jy die Heilige Gees?

Hoe sal ek/jy weet dit is Hy wat besig is om my/jou die waarheid te leer as ek/jy nie weet Wie Hy is nie?

- Prakties kom dit daarop neer dat die Heilige Gees die **volle wil van God** aan ons sal openbaar, en dat Hy ons deur God se Woord sal leer en lei.
- Daarom is die Bybel dus die rigsnoer van ons geloof.
- En die Leermeester is God die Heilige Gees.
- Daarom staan dit hier so geskryf:
... wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal hy julle in die hele waarheid lei ..

Dit gaan dus in hierdie saak oor drie dinge:

- Die eerste een is dat jy die Persoon van die Heilige Gees moet ken.
- Die tweede is dat jy die werk van die Heilige Gees moet ken en begeer.
- Die derde is dat jy dan die troos wat die Heilige Gees in jou bewerk, mag geniet.

Die troos van die hele saak is dit wat in Galasiërs 4:6 staan:

En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (Galasiërs 4:6 AFR53)

Die Heilige Gees werk dus altyd met God se genade.

- Hy leer ons om God Self te ken en om met ons hele lewe voor Hom neer te buig.
- Hy leer ons om God se genade te ken en te benut.
- Daarom sê Hy ons ook voor wat om te bid. Die Bybel leer een plek dat wanneer ons self nie weet wat ons moet sê as ons bid nie, dan leer die Heilige Gees ons wat om te sê.
 - Die troos is dus dat my hele behoefte om te bid, gedra word deur die Heilige Gees.
 - Elke opregte woord van elke gebed word voorgesê deur God se Gees.
 - Die Heilige Gees laat my in my nood en verlorenheid my toevlug na God toe neem.

Die Heilige Gees leer my ook om van al my verwaandheid afstand te doen.

- Daar is mense wat die Here se Naam baie gebruik asof hulle uiters gelowig is, maar sodra mens fyn genoeg luister, dan kom jy agter dat hulle eintlik hulle eie god is.
 - Hulle is die beste en die slimste.
 - Hulle is tot die meeste in staat en die Naam van die Here word eintlik maar net tussen-in gebruik sodat hulle eiewaan nie so sleg klink nie.
 - Dit moet lyk asof hulle darem nog nederig voor die Here is.
- Saam met hulle is dié wat net alles vir hulleself wil hê. Die selfsugtiges.
 - Die hele lewe moet net om hulleself draai:
 - Hulle tyd en eiendom en alles is net vir hulleself.
 - Hulle is doodongelukkig wanneer hulle iets vir iemand anders moet opoffer.
 - Dit beteken dat jy ook nie vir God wil opoffer nie, want die Here maak altyd diens aan Hom vas aan diens aan jou naaste.
- Sulke mense moet tot bekering kom en meer na die Heilige Gees luister en meer en meer na God se troon toe gaan, sodat hulle kan leer dat hulle bloot werktuie in God se hand is om Hom te verheerlik.
- Verwaandheid en selfsugtigheid is direkte eienskappe van die duiwel en dit is waarskynlik van sy sterkste wapens waarmee hy die ware diens aan en aanbidding van die Here beveg.

2. Die Heilige Gees is God Almagtig

Die Heilige Gees is God Almagtig saam met die Vader en die Seun. Hy is die derde Persoon van God se Drie-Eenheid.

- Die Vader het ons geskape,
- Die Seun, die Here Jesus Christus, het ons verlos van die mag van die duiwel. Hy het ook die tron van God vir ons versoen.
- God werk deur sy Gees in ons as Hy ons heilig maak.
 - Die Heilige Gees gaan van sowel die Vader as van die Seun af uit oor ons. Een keer het Jesus gesê dat Hy sy Vader sal bid om die Heilige Gees na ons toe te stuur, en op 'n ander keer het Hy gesê dat Hyself die Heilige Gees na ons toe sal stuur.

Kom ons kyk na die dwaalleer van ons tyd:

- Daar is baie mense van alle soorte gelowe wat beweer dat die Heilige Gees nie God is nie, maar dat dit net 'n krag is wat van God af uitgaan.
- Dit is nie waar nie. Die Heilige Gees is nie 'n krag of 'n gesindheid nie.
- Hy is almagtig soos God. Hy het al die eienskappe wat God het. Hy is inderdaad God self, wat ook aanbid moet word soos wat God die Vader en die Here Jesus Christus aanbid word.

- Hy word voluit geëer en aanbid as God omdat Hy God is.
- Omdat hy God is, werk Hy soos wat ons God in sy werke ken:
 - Hy regeer en bekeer ons gees.
 - Hy bly by ons deur sy alomteenwoordigheid.
 - In sy teenwoordigheid leer en oortuig Hy ons.

Kom ons kyk na enkele gegewens in die Bybel wat God die Heilige Gees en sy werk beskryf, dan sal ons onmiddellik verstaan hoe die Heilige Gees werk.

- In die Ou Testament openbaar die Gees van God aan die profete en mense toekomstige sake in God se raad.
 - Hy word oor die profete vaardig en hulle profeteer.
- Ons teksvers praat van die Heilige Gees as die Gees van waarheid.
 - Met ander woorde, God wat die waarheid aan ons openbaar.
 - Daarin is die veronderstelling ingebou dat buite God geen waarheid is nie.
- Johannes 14:26 noem God die Heilige Gees ons Trooster. Met ander woorde Hy troos ons wanneer die verlorenheid wat deur die sonde bewerk word, ons oorval.
 - Byvoorbeeld, wanneer ons in beproewing is, troos Hy ons met die wete dat God se krag alles beheer, en alles oorwin.
 - Hy oortuig ons dat God ons steeds liefhet, en ons ook deur al ons beproewinge bewaar.
- Ons val soms in sonde.
 - Dan verteer ons gewetes en ons skuldgevoelens ons.
 - Maar dan troos die Heilige Gees ons met die wete dat God ons ons sondes vergewe as ons werklik berou het en Hom gaan smee om ons te vergewe.
- Die Heilige Gees bring ons sover dat ons waarlik berou het oor ons sondes, en Hy laat ons ook op ons knieë gaan om te bid vir genade.

Maar dit help nou nie dat ons al hierdie dinge weet en ons maak niks daarmee nie. Ons moet besef dat God die Heilige Gees ook aan elkeen van ons gegee is.

- Hy werk ook in jou hart.
- Hy beweeg jou ook tot geloof, en gehoorsaamheid aan God.
- As jy dus ongehoorsaam is, weerstaan jy die Heilige Gees – God self.

U moet nou tog nie sit en dink dat die Heilige Gees mens nou net lei in kerksake en geloofsake nie. Kom ons lees Galasiërs 5:16 vv.:

Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

(Galasiërs 5:16-21 AFR53)

Die Heilige Gees lei jou dus oor die volle spektrum van jou lewe om alle soorte slegte dinge te vermy. Let dan op dat die Gees en die sondige dinge reg teenoor mekaar staan.

- Jy word óf gelei deur die Heilige Gees, óf deur die wêreldse begeertes.
- Daar is geen alternatief nie.
- Die lysie van dinge wat teen die Gees is, sluit al die dinge in wat vandag nog as afskuwelikhede beskou word.

Kom ons wees positief: Kyk dan na vers 22. Die vrug van die Gees word so beskryf:

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. (Galasiërs 5:22-25 AFR53)

Nou kan jy dié deel van die leer maar op jouself toepas:

- Hoe getrou is jou meelewing met God en sy kerk? Anders gesê: Hoeveel tyd in jou gedagtes bestee jy om met die Here om te gaan?
- Hoeveel haat is daar in jou? Hoeveel van jou hart, verstand en tyd offer jy prakties vir God op?
- As jou lewe nie staan in die teken van die leiding en troos van die Heilige Gees nie, sal verwaandheid, haat, selfverheffing en swak en halfhartige aanbidding jou lewe kenmerk.
- Dan het jy baie rede tot kommer, want die Bybel leer dat die wedergeborene se lewe die vrugte van die wedergeboorte dra.

Die troos is juis dat die Here veronderstel dat ons sondaars is.

- Hy weet ons is verdwaal in die verkeerde dinge, en dat ons nie altyd weet en doen wat reg is nie.
- Daarom sê die Here dat Hy die Gees van waarheid na ons toe stuur wat ons die waarheid sal leer.

Die Here se liefde dra ons dus.

- Die Here vergeet ons nie.
- Hy maak self deur sy Gees die dinge wat in ons verkeerd is reg.
- Die troos is verder dat ons aan God gehoorsaam kán wees – ons moet net luister!

Kom ons lees Kategismus Sondag 20 saam.

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).

(a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16; 1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22; Ef 1:13. (c) Gal 3:14; 1 Pet 1:2; 1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16; 1 Pet 4:14.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 19-1 (47)

- 1 Die Here sal ons seën, / en Hy sal ons behoed.
Die Here sal sy aanskyn / altyd oor ons laat straal
en ons genadig wees vir ewig. / Hy sal sy aangesig oor ons verhef
en aan ons gee sy vrede. / Amen, Amen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 14 Mei 2006

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 10 Augustus 2014